



## DIE FALCON REEKS VAN IMPLEMENTE

MATERIAAL HANTERING

VLEËL IMPLEMENTE

KAPPLOEË

HOOIMAKERS®

STROOIERS

GRASSNYERS

WENTELSNYERS

MULCHERS

**TAAI BETROUBAAR DUURSAAM**

## DIE FALCON-BELOFTE



Die Falcon-belofte is ons besigheidsfilosofie wat die grondslag van Falcon se kernwaardes en diensvlakke vorm. Dit is wat ons elke dag uitleef en hoe ons sake doen.



### ONDERVINDING

Meer as 30 jaar se ontwerp, vervaardiging, invoer, verspreiding en verkoop van 'n wye verskeidenheid landbou-implemente vir Suid-Afrikaanse boere se uiteenlopende behoeftes.



### KLANTEDIENS

Ons ondersteunende, professionele, doeltreffende en flink klantediens is waarop ons 31+ jaar se besigheid gebou is.



### EKONOMIES

Spesifiek vir die Suid-Afrikaanse boer deur Suid-Afrikaners gebou. Geen wisselkoerse of invoerbelasting nie.



### ONTWERP

Eenvoudig  
Veilig  
Diensbaar  
Gebou om te hou



### PLAASLIK

Vir Suid-Afrika se taai toestande gemaak. Geredelik beskikbare onderdele en uitmuntende klantediens.



### ONS WAARDES

Eerlikheid  
Vertroue  
Respek  
Integriteit



## STROOIERS

MISSTROOIER



KALKSTROOIER



**TAAI BETROUBAAR DUURSAAM**

[www.falconequipment.co.za](http://www.falconequipment.co.za)

Alle Falcon-implemente is ontwerp om eenvoudig, veilig en diensbaar te wees, en bied uitstekende waarde vir geld. Hulle is gebou om te hou en kan die taai Suid-Afrikaanse toestande hanteer.

Falcon Agricultural Equipment (Edms.) Bpk. verkoop ook 'n verskeidenheid ingevoerde strooiers, spuite, grondbewerkingsimplemente, gespesialiseerde grassnyers en stokkiekappers.

## FALCON AGRICULTURAL EQUIPMENT (EDMS.) BPK.

Falcon Agricultural Equipment (Edms.) Bpk. is die grootste vervaardiger van wentelsnyers in Afrika. Die maatskappy het sy deure in 1985 by sy huidige perseel in Howick, KwaZulu-Natal, Suid-Afrika geopen. Ons vervaardig die Falcon- en Locust-implemente, en voer ook 'n reeks implemente in wat die plaaslik-vervaardigde produkte aanvul.

Ons het langdurige verhoudings met ons handelaars en hul kliënte opgebou, gebaseer op eerlikheid, vertroue, respek en integriteit. Uitstekende klantediens is 'n belangrike deel van die Falcon-belofte.



Tel +27 (0) 33 330 4764  
Verkope +27 (0) 33 330 5787  
info@falconequipment.co.za  
www.falconequipment.co.za  
facebook.com/falconequipment

Kry ons op f



[www.falconequipment.co.za](http://www.falconequipment.co.za)

## RANGE OF SPREADERS

Model	Kapasiteit	Werkswydtte (m)	Totale massa (kg)	Trekker (kW)
<b>ROTORSREADER</b>				
F3000	3,0 m³	2,5-3,0	890	35
F4200	4,2 m³	2,5-3,0	1 120	45
<b>LIMESREADER</b>				
F400	400 ℓ	2,4	165	30-45
F500	500 ℓ	3,0	224	30-45

## STROOIERS

Falcon se misstrooiers en kalkstrooiers is maklik om te gebruik en instandhoudingskoste is laag. Die Falcon-misstrooier is ontwerp om mis te strooi, wat die humus in die grond opbou, terwyl die Falcon-kalkstrooier ontwerp is om kalk direk en effektief op die grond te strooi.

### MISSTROOIER

**STROOI ALLE SOORTE MIS EENVOUDIG, DOELTREFFEND EN MET MINIMALE INSTANDHOUDING**



**GEBRUIK:** Kan alle soorte mis strooi, van droë hoenderafval tot miswater, gematte strooi-bedstof en gekompakteerde kompos.

#### VOORDELE

- Die boonste opening van die Falcon-misstrooier is baie groot, met 'n verstelbare deksel vir maklike vulging, hetsy met die hand of met 'n laaigrav
- Die kettings word om die rotor-as gedraai voordat die bak gevul word. Wanneer die bak vol is, word dit toegemaak en is die implement gereed om te strooi.
- Die hoëtreksterktestaal-kettinge kap materiaal fyn en strooi 'n eweredige misdeklaag 3 m aan die regterkant van die implement uit.
- Die strooikoers word beheer deur die trekker se vorentoe spoed te beheer en ook deur vleëlplate op die swaaikettingkoppe by te voeg of te verwyder.

#### MODELLE

##### F3000

Kapasiteit van 3 m³ en is geskik vir plekke waar die bak daaglik leeggemaak word, byvoorbeeld by melkerye en varkhokke.

##### F4200

Kapasiteit van 4,2 m³ en is geskik vir toepassings waar groot volumes vanuit opgegaarde voorrade gestrooi moet word.

## KALKSTROOIER

**LAE INSTANDHOUDING EN MAKLIK OM TE GEBRUIK**



**GEBRUIK:** Doeltreffend vir kalkstrooiing direk op die grond.

#### VOORDELE

- Die Falcon-kalkstrooier is 'n trekker-gesleepte, wiel-aangedrewe implement met verstelbare openinge onder aan die bak wat kalk direk op die grond strooi.
- Dit het geen kragaftakker-as of ratte nie, en is dus maklik om te gebruik, met minimale instandhoudingskoste.
- Dit is toegerus met 8-laag-straalbande en is geskik vir gebruik op ruwe terrein.
- 'n Hefboom beheer die strooikoers, en word ook gebruik om kalkvloeï op die wenakker af te sluit.
- Eweredige vloei word verseker deur twee roerasse met spane wat direk deur die wiele aangedryf word.
- Die kalk word net ongeveer 28,5 cm bo die grond uitgelaat, wat winddrywing beperk.
- Die lae laaihoogte van 98 cm maak hervulling maklik.

#### MODELLE

##### Driepunt-gemonteerde F400

Ideaal vir manewring op skuinste. Die bak hou 400 ℓ en het 'n werks-wydtte van 2,4 m, met 38 uitlaatgaatjies onderaan.

##### Gesleepte F500

Word met 'n vurkhaak aan die trekker gekoppel. Die bak hou 500 ℓ en die werkswydtte is 3 m, met 48 uitlaatgaatjies onderaan.

'n Groot persentasie van landbougrond vereis van tyd tot tyd kalk om die korrekte pH-vlak in die grond te handhaaf.

Deur die waardevolle kommoditeit van mis te gebruik wat op die plaas geproduseer word, help dit om die humus in die grond te vervang en op te bou.

## KONSTRUKSIE

Falcon-strooiers word van topgehalte-staalplate vervaardig en ondergaan 'n vyftenk-suurbadskoonmaak- en fosfaat-behandelingsproses. Die grondverlaag word dan deur algehele onderdompeling in 'n verfenk aangewend, wat verseker dat die verf alle versteekte holtes bereik en agter alle skotte inkom. Alle oop nate word dan met 'n spesiale verseëlaar verseël om die werktuig teen vog te beskerm voordat die finale emaljekleurlaag aangewend word. Alle boue, kettings, koppelings en penne word geëlek-troplateer om dit teen korrosie te beskerm.



Spuitverf

**BELANGRIK!** Oorlading, buitensporige snelhede en impakte sal tot strukturele en meganiese onklaarraking lei wat nie onder die waarborg gedek word nie.

## ONDERDELE

Falcon bied oorspronklike onderdele vir al sy eie vervaardigde produkte. Die onderdele is ontwerp, vervaardig en getoets volgens dieselfde standaard as die finale produkte en bied dieselfde gehalte en duursaamheidsbeginsels as die finale produk. Vervanging van onderdele op jou implement met oorspronklike Falcon-onderdele verseker:

- Uitmuntende gehalte en werkverrigting
- Maklike inskakeling met implement
- Verlengde lewensduur van die onderdeel en implement
- Geldigheid van produkwaarborg
- Verminderde inkomste-verlies weens staantye
- Uitstekende klantediens en -ondersteuning

